Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17

Teksvers: Romeine 8:14

Tema: Leef jou rykdom as kind van God, deurdat die Heilige Gees jou lei!

Slawerny en gesin-wees. Dit is twee radikale, verskillende verhoudings. In slawerny het jy `n baas wat jou dryf om werk te doen, wat jou inwag met `n sweep of sambok as jy nie jou werk vinnig doen nie en op die einde van die dag wag daar net-net genoeg kos om jou aan die lewe te hou vir nog `n dag se harde werk. Daar is baie min of geen geld aan die einde van die maand en geen vakansie nie. Net `n harde eienaar wat jou hied en gebied waar hy jou wil hê. Armoede en swaarkry: dit is wat slawerny vir jou inhou.

As deel van `n gesin, het jy `n liefdevolle ma en pa wat vir jou sorg, wat vir jou alles gee wat jy nodig het om so gemaklik moontlik te lewe. Daar is `n warm bed en warm kos. En ja, jy het dalk hier en daar iets waarmee jy ma en pa moet help, maar jy doen dit uit liefde en dit is uit liefde wat jou ma of pa jou vra om te help. Daar is respek, omgee en ondersteuning vir mekaar. So af en toe is daar `n vakansie of twee en `n rustige naweek wat jy saam met jou gesin kan deurbring. Rykdom en oorvloed: dit is wat `n gesin vir jou inhou.

Hierdie twee verhoudings staan lynreg teenoor mekaar en dit is met hierdie verhoudings wat Paulus ons wys op hoe radikaal ons verhouding met God verander het in en deur Jesus Christus! Ons het met die eerste preek uit Romeine 8:1 gehoor dat wanneer ons die verlossing in Jesus Christus aanneem, daar nie meer enige veroordeling vir ons is nie. Wanneer ons in Jesus Christus glo is ons nie meer slawe van die sonde, die dood of die wet nie, maar word ons lewendig!

Dan word ons lewe nie meer bepaal deur die sonde of my prestasies om verlossing te verdien of om op goeie voet met die Here te verkeer nie. My lewe word dan bepaal deur hierdie radikale besef dat ek nou vry is en dat ek nou wil en kan lewe soos God wil hê ek moet lewe. In Paulus se woorde: dan word ek deur die Gees gelei, want ek maak `n einde aan my sondige praktyke.

Tog moet ons nie hier `n slawe-ketting om ons nek sit en dink dat dit van my afhang om met my sondige praktyke te breek en my deur die Heilige Gees te lei nie. Om deur die Heilige Gees gelei te word, is iets wat God doen! Dit is God wat kragtig, deur die Heilige Gees in jou lewe ingryp en jou hart omkeer en ombuig sodat ek nie anders kan nie as om my lewe voor die Here neer te lê. Daarom dat Paulus hier sê dat ons ons deur die Heilige Gees moet "laat" lei. Hierdie is gebedstaal!

Dit is alleen wanneer ek bid en in gebed smeek dat God my lewe sal beheer en my lewe sal stuur deur die Heilige Gees, wat ek my ook deur die Heilige Gees sal laat lei. Daarom dat ons in Sondag 45 bely dat God sy Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank. En dit is om hierdie rede dat Jesus Christus ons in Lukas 11 leer dat ons moet aanhou vra en God sal sy Heilige Gees aan ons gee.

Die vraag is egter, hoe lyk hierdie lewe waar ek deur die Heilige Gees gelei word? Wat is die goudstawe van my rykdom wat ek in Jesus Christus het wanneer die Heilige Gees my lei? In Romeine 8:15-16, beskryf Paulus vir ons die eerste goudstaaf: ek is `n kind van God wat met vrymoedigheid na God roep en die Heilige Gees getuig oor my kindskap saam met my gees.

As die Heilige Gees my as kind van God lei en ek hou aan om volhardend tot God te roep in gebed dat die Heilige Gees in my werk, dan kan ek nie anders nie as om nog meer te bid nie! Hoe meer ek bid en hoe meer die Heilige Gees my lewe bepaal, hoe meer wil ek bid en kan ek nie anders nie as om met vrymoedigheid na God te roep en te sê: "Abba"..."Vader"..."Pappa"!

Om ons Vader só aan te spreek beteken nie dat ek klein dink van God nie, maar dat ek wel bewus is van my kindskap voor die Here en dat die Heilige Gees dit in my getuig. O, en hoe het ons dit nie nodig nie! Hoeveel keer gebeur dit tog nie dat ons twyfel oor of ons aan die Here behoort nie? Hoeveel keer probeer Satan en ons ou sondige natuur nie om twyfel by ons te saai nie? O, werklik, dink jy regtig dat die Here hiervoor vergewe? Kan jy regtig vir God "Vader" noem? Jy, met al jou sonde, jou gebreke en jou slegte verlede?

Dit is juis dan wat ek in gebed na my Vader toe kan gaan en wat die Heilige Gees saam met my gees getuig dat ek `n kind van God is! Dit is in hierdie swakheid en wanneer ek twyfel wat God self getuig: jy is My kind! Jy behoort aan my! Elke keer wat die Heilige Gees só saam met my gees getuig, word ek nader en nader aan God getrek. Elke keer wat die Heilige Gees só saam met my gees getuig word my verhouding met God versterk deurdat God my verhouding met Hom versterk!

Johannes getuig hiervan vir ons in 1 Johannes 3:1-4 wanneer hy sê dat God self ons sy kinders noem. Kom ons bevestig hierdie goudstaaf van ons rykdom in Christus deur Skrifberyming 2-4:1 te sing.

Wanneer jy egter `n kind van die Here is, is jy ook `n erfgenaam van die Here! Dit is nie vir God net genoeg om ons sy kinders te maak nie. Nee, Hy gaan nog verder! Hy maak ons erfgename saam met Jesus Christus! Dit is waar: ek en jy erf saam met Christus van ons almagtige Vader! En hier vind ons nog twee goudstawe van ons rykdom: As erfgename deel ons in die lyding van Jesus Christus en as erfgename deel ons in die heerlikheid van Christus.

Wat beteken dit om as erfgenaam te deel aan die lyding van Christus? Die eerste wat dit beteken is dat ek as gelowige die vaste oortuiging en die waarheid moet glo dat ek as gelowige gaan ly ter wille van my geloof. Lyding, omdat ek in Jesus Christus glo, is nie `n opsionele-ekstra, `n miskien, of `n uitsondering nie. Lyding en vervolging is `n belofte van die Here, `n belofte wat Jesus Christus self al aan sy dissipels gegee het toe Hy vir hulle in Johannes 15 belowe dat die wêreld hulle sal haat en sal vervolg omdat die wêreld vir Christus ook gehaat en vervolg het.

Petrus leer ons iets besonders oor hierdie gedeelte van ons erfporsie in 1 Petrus 4:12-14 wanneer hy sê: "Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie. Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid. Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus."

Wanneer ons dus ly en vervolg word omdat ons in Christus glo, moet ons nie verbaas wees nie en ook moet ons nie bang wees nie, want net soos wat Christus eers gely en toe verheerlik is, só sal ons ook eers ly en dan verheerlik word! Daarom dat daar soveel geloofshelde is wat vervolging met oorgawe ontvang het.

Guido de Brés, die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis, is `n wonderlike voorbeeld hiervan. Toe hy in die tronk gesit en gewag het om op sy verjaarsdag tereg gestel te word, het hy in sy laaste brief aan sy vrou die volgende geskryf: "Katarina Ramon, my geliefde vrou en suster in die

Here Jesus Christus: jou vrees en hartseer versteur die vreugde en blydskap van my hart...Ek smeek jou, my geliefde, troos jouself deur na te dink oor al hierdie dinge. Dink aan die eer wat God jou bewys het deur vir jou `n man te gee wat nie net `n bedienaar van die Seun van God was nie, maar wat deur God so hoog geag is dat hy die kroon van martelaarskap mag dra. Dit is `n eer wat God nie eers aan die engele gegee het nie."

Die tweede belangrike aspek van hierdie erfporsie is dat dit nie van my afhang nie. Hierdie erfporsie is deur die Heilige Gees en deur Jesus Christus vasgemaak. Ek kan dus nie self hierdie erfporsie vir my verseker, bewerk of verloor nie. So seker as wat Jesus Christus gely het, só seker sal ek hierdie gedeelte van my rykdom in Jesus Christus kry. Daarby is dit deur die Heilige Gees verseël. Die Heilige Gees is die waarborg wat aan ons gegee is dat ek hierdie gedeelte van my rykdom in Jesus Christus sal kry.

Dit is hoe Paulus ons verseker van hierdie erfporsie in Efesiërs 1. Kom ons maak dit opnuut ons eie deur Skrifberyming 1-1:7 saam te sing.

Tog, so seker as wat ons in die lyding van Jesus Christus deel, net so seker sal ons in die heerlikheid van Jesus Christus deel! Dit is nie óf die lyding van Christus óf die heerlikheid van Christus nie en ook moet ons nie hierdie twee teen mekaar afspeel nie. Ons moenie byvoorbeeld dink dat ons maar die lyding sal verduur sodat ons die erfporsie van die heerlikheid sal kry nie. Die lyding is deel van daardie erfporsie en dit is in ons lyding en heerlikheid wat ons die Naam van die Here sal grootmaak.

Wat `n wonderlike heerlikheid wag daar nie vir ons nie!? Daar wag `n ewigheid saam met God in `n volmaakte, intieme verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees! `n Ewigheid waar ons God gaan beleef en ervaar en sien soos wat geen mens nog ooit vir God beleef, ervaar of gesien het nie. Ons gaan saam met God regeer oor die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Ons gaan die nuwe hemel en aarde beleef - `n plek waar daar nie meer sonde, seer, pyn, hartseer of dood is nie. Ons gaan `n plek beleef waar die vrede só wonderlik is dat die leeu en die lam bymekaar lê en waar daar nie meer trane gaan wees nie. `n Plek waar daar nie meer `n son of `n maan nodig gaan wees nie, omdat God self die Lig is wat skyn.

`n Plek waar elkeen van ons `n verheerlikte liggaam gaan ontvang en waar ons gaan rus deur lofliedere tot eer van God te sing! `n Plek waar musiek en sang tot eer van die Here konstant gaan opklink, waar ons nuwe liedere gaan sing tot eer van die Here en waar ons saam met die engele God gaan loof.

En om te dink, ons kind-van-God-wees, die lyding wat ons beleef en die heerlikheid wat wag, is maar nog net `n paar van die goudstawe van die rykdom wat ons in Christus ontvang het...

Amen

Sing Skrifberyming 2-4: 2, 4